Naam en Van:________MEMO_________________ Datum:__________________

**Afrikaans Huistaal- Graad 4**

**Totaal:** Afdeling A:30________

Afdeling B:20________

**Afdeling A: Begripstoets**

1. **Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae.**

**<u>Pasop, 'n anakonda!</u>**

Die grootste slange op aarde is anakondas. Een anakonda is gemeet en was meer as 12 meter lank en meer as 'n meter in deursnit. Dit het na raming meer as 250 kg geweeg!

Hierdie reuseslange is baie vinnige swemmers. Hulle het neusgate bo-op hul koppe sodat hulle kan asemhaal terwyl hulle swem. As hulle bedreig word, kan hulle na die naaste watermassa ontsnap en tot 10 minute lank onder die water bly.

Anakondas is vleisvreters. Hulle verkies die vleis van soogdiere en reptiele. 'n Anakonda se tande is nie giftig nie, dus kan hulle nie hul tande gebruik om hul prooi dood te maak nie. Hulle gebruik egter hul tande om hul prooi vas te gryp. 'n Anakonda is 'n soort luislang – hulle krul dus hul kragtige lywe om hulle prooi en versmoor of druk dit dood. Dit kan 'n paar weke neem vir 'n groot prooi om in die maag van 'n anakonda te verteer.

Anakondas is sku diere wat selde gesien word en moeilik is om na te vors. Hulle word gekamoefleer deur vlekkerige kolle op hul vel wat lyk soos die skaduwees en blare van hul habitat. Hulle het geen natuurlike vyande nie, behalwe die mens. Hulle oorlewing word bedreig deur die handel in eksotiese velle en die vernietiging van hul habitat.



Aangepas uit *Sawubona*-tydskrif, "Extreme Snakes" deur Keri Harvey

1. <u>Omkring die regte antwoord: (3)</u>

1.1 'n Anakonda van meer as_____12m___ lank, is gevind.

a) 13 m
b) 12 km
c) 12m
d) 21 m

1.2 Sy deursnit was meer as 'n _____1m_______.

a) 1 m
b) 2km
c) 2m
d) 1cm

1.3 Die anakonda het ____250kg______ geweeg.

a) 251 kg
b) 250g
c) 250 kg
d) 250 mg

2. Hoekom het anakondas neusgate bo-op hul koppe? (1)

Sodat hulle kan asemhaal tewyl hulle swem.

3. Wat beteken dit as die anakonda **bedreig** word? (1)

Wanneer ander diere of mense hulle wil vang.

4. Wat is die langste wat anakondas onder water kan bly? (1)

Hulle kan 10 min lank onder water bly.

5. Watter tipe vleis eet anakondas? (2)

Soogdiere en reptiele

6. Hoe maak anakondas hulle prooi dood? Verduidelik. (2)

Hulle gryp hulle prooi vas met hulle tande en gebruik hulle kragtige lywe om hulle prooi te versmoor en dood te druk.

7. Wat beteken dit as 'n dier hom goed kan **kamoefleer**? (1)

Hy kan nie maklik deur ander diere gesien word in die natuur nie.

8. Hoe doen anakondas dit? (1)

Hulle het vlekkerige kolle op hulle vel wat lyk soos skaduwees en blare van hul habitat.

9. Wie is hulle vyande? (1)

Die mens.

10. Hoe word hulle oorlewing bedreig? (2)

Handel in eksotiese velle en vernietiging van hul habitat.

**Totaal 15** ________

**2. Lees die volgende storie en beantwoord die vrae.**



## Koning Midas

Koning Midas was baie lief vir geld en rykdom. Hy het een keer vir Dionysus ('n Griekse god) in sy weelderige kasteel 'n groot guns bewys. As beloning vir sy guns het Dionysus vir Midas een wens gegee. Midas het gesê dat alles wat hy aanraak in goud moes verander.

Midas het onmiddellik sy beker opgetel en dit het in goud verander! Hy was so opgewonde dat hy sy kasteel aangeraak het en sowaar: in 'n oogwink was die kasteel van goud! Hy was die rykste koning ooit.

Hy beveel dadelik dat 'n feesmaal berei moes word. Gou het hy sy fout agtergekom toe hy wou smul aan die kos, want die kos het in goud verander. Hy het besef dat hy nooit sal kan eet nie en dat hy gaan sterf van honger.

Hy smeek toe Dionysus om vergifnis. Hy wou verlos word van die gawe wat nou net ongeluk bring. Dionysus het besluit om Midas se dwaasheid te vergewe en sê dat hy hom in 'n rivier moet gaan was.

Midas het 'n les geleer en is hierdeur van sy hebsug bevry. Daarna het hy 'n afsku in gierigheid en sy goue kasteel gehad.

1. Koning Midas was lief vir twee goed. Wat was dit? (2)
   Geld en Rykdom.

2. Watter wens het die Griekse god aan koning Midas gegee? (1)
   Alles waaraan koning Midas vat in goud sal verander.

3. Hoekom was dit 'n groot fout gewees? (2)
   Daar was 'n feesmaal voorberei en hy kon nie daarvan eet nie, want die kos het in goud verander.

4. Wat het die Griekse god vir koning Midas beveel om te doen om van die gawe onslae te raak?(1)
   Hy moet homself in 'n rivier gaan was.


5. Het koning Midas sy les geleer? (1) Ja
6. Hoekom sê jy so? (1)
   Hy het 'n afsku in sy gierigheid en sy goue kasteel gekry.

7. Wat leer jy uit die storie van koning Midas? (2)
   Geld bring 'n mens nie geluk nie en dat jy tevrede moet wees met wat jy het. ( enige soortgelyke antwoord)

**Totaal : 10 ______**

**8. Lees die gediggie en beantwoord die vrae:**

## Kom jol nou!



Dis die nuwe jaar,
bas en kitaar,
banjo en mandolien
kan jy orals sien.
Kom jol 'n bietjie saam,
boem, boem,boem,boem
speel die bas nou daar,
zoem,zoem,zoem,zoem.
Sing die kitaar.
tangelang,tangelang
hoor die ou banjo.
Tiengeling, tiengeling
sê die mandolien.



1. Van watter feesdag lees ons in die gedig? (1)
   Nuwe jaar.
2. Op watter datum word die dag gevier? (1)
   1 Januarie
3. Waarmee RYM die woord **jaar** in die gedig? (1) Kitaar
4. Waarmee RYM die woord **boem** in die gedig? (1) Zoem
5. Gee 'n ANTONIEM vir oud in die gedig. (1) Nuwe

**Totaal: 5________**

**Totaal 30**

**Afdeling B : Taalvaardighede**

**Vraag 1 Plaas die volgende woorde in die regte Vokaalgroepe. (4)**

Woorde: Rook, rokke, doek, vlieg

| Vokaalgroep 1 | Vokaalgroep 2 | Vokaalgroep 3 |
|---|---|---|
| vlieg | rook | rokke |
| doek | | |

**Vraag 2 Skryf die volgende sinne in ONTKENNING (2)**

1. Iemand het die muis gevang.

Niemand het die rmuis gevang nie

2. Die spinnekop is baie gevaarlik.

Die spinnekop is nie baie gevaarlik nie.

**Vraag 3 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD en TOEKOMENDE TYD (2)**

Die Anakonda druk sy prooi dood.

1. Verlede tyd: Die Anakonda het sy prooi dood gedruk.
2. Toekomende tyd: Die Anakonda sal / gaan sy prooi dood druk.

**Vraag 4 Onderstreep die SELFSTANDIGE NAAMWOORD in die sin. (2)**

1. <u>Anakondas</u> is sku <u>diere</u> en word selde gesien.

**Vraag 5 Onderstreep die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in die sin. (2)**

1. Anakondas is <u>sku</u> diere wat <u>kragtige</u> lywe het.

**Vraag 6 Onderstreep die LIDWOORD in die volgende sinne. ($4x\frac{1}{2} = 2$)**

1. Die Anakonda se oorlewing word bedreig deur die mense.
2. ‘n Anakonda het ‘n sterk lyf.

**Vraag 7 Lees die volgende sinne en sê of dit ‘n STELSIN, BEVELSIN, UITROEPSIN of VRAAGSIN is. (4)**

1. Wanneer begin jou vakansie? Vraagsin
2. Eina! Uitroepsin
3. Hou nou op om te praat! Bevelsin
4. Hy sit en lees ‘n boek. Stelsin

**Vraag 8 Wat beteken die volgende idiome. (2)**

1. Appels swaai.

Hulle slaan mekaar met die vuis.

2. Hy is in die pekel.

Hy is in die moeilikheid.

`

**Totaal: 20**